# SARS STEL DIE HERINGESTELDE GROOTSAKESENTRUM BEKEND

**Johannesburg, 23 Oktober 2019** - SARS kommissaris Edward Kieswetter het vandag die heringestelde grootsakesentrum bekendgestel by hul nuwe perseel in Woodmead. Mnr. Kieswetter het hoofbeamptes toegespreek en die waarde-aanbod voorgelê wat die heringestelde sentrum sal bied om vrywillige nakoming onder korporatiewe Suid-Afrika mee te bring.

Die SARS-visie 2024, wat deur Mnr. Kieswetter bekendgestel is, is om 'n slim en moderne SARS te bou, met onbevraagtekende integriteit, wat vertrou en bewonder word deur alle belanghebbendes, asook internasionale eweknieë.

Maatskappye inkomstebelasting is tans die derde grootste inkomste-bydraer en het 16.6% van die totale inkomste in die 2018/19 finansiële jaar bygedra.

Mnr. Kieswetter het geïdentifiseer dat die strategiese mikpunte wat die grootsakesentrum sal dryf, die fokus op vrywillige nakoming, doeltreffende en geskikte inkomste-invordering en die versterking van dienslewering en SARS se verhouding met grootsake sal wees. Daarby sal die grootsakesentrum 'n sentrum van voortreflikheid word wat doelmatig reageer op uitdagings en vereistes wat hierdie komplekse belastingpligtige-segment bied, en wat in lyn is met internasionale belastingadministrasie beste praktyk.

Die waarde-aanbod wat die grootsakesentrum bied is om vrywillige nakoming te bied teen die laagste moontlike koste vir die belastingpligtige en SARS, met 'n drieledige benadering wat bestaan uit -

Toegewyde verhoudingsbestuur per industrie en sektor, wat verseker dat belastingspanne wat een die kliënt toegeken word, gespesialiseerde kennis en begrip het van die kliënt se bedryf.

'n Hoogsvaardige en professionele span met bekwaamheid in veelvuldige belastingsoorte vir belastingpligtiges met komplekse belastingportfolios, insluitend diegene wat in veelvuldige belastingregsgebiede bedrywig is. Hiermee beoog SARS om duidelikheid oor die belastingpligtige se verpligtinge te fasiliteer en doeltreffendheid met aanslae, oudits en dispuutoplossingprosesse te verbeter.

Gesentraliseerde bestuur van die belastingpligtige se belastingnakomingvereistes oor alle belastingsoorte heen, wat SARS na verwys as 'n 'een-stop-winkel' eind-tot-eind dienslewering. Hierdie diens voorsien die belastingpligtige met egalige interaksie met SARS vir enige belastingvereistes of navrae wat die belastingpligtige mag hê, deur een verhoudingsbestuurspan wat hulle hele belastingportfolio bestuur.

Die belastingpligtige-segment waarop die sentrum fokus is grootsake wat omskryf word as groepe of entiteite met 'n omset van meer as R1 miljart; op die Johannesburgse aandelemark gelys is;

finansiële dienste met 'n omset van meer as R500 miljoen; mynmaatskappye met 'n omset van meer as R500 miojoen; alle entiteite of groepe maatskappye met 'n saamgestelde totale bateswaarde van meer as R100 miljoen; asook multinasionale maatskappye. Die ander kliëntsegment is individue met ultrahoë netto waarde wie se totale bates meer as R75 miljoen is. Belastingpligtiges wat aan een van hierdie kriteria voldoen, is by SARS geregistreer by die grootsakesentrum.

Die grootsakesentrum is geleë by die Woodmead North Office Park, Maxwellweg 54, Johannesburg.